

**Woensdag 18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 2:16 (AFR83)**

**Net Christus kan ons regverdig maak!**

“Self!” Dit is een van die eerste woorde wat ’n kleuter gewoonlik kan sê. Ja, ons wil graag dinge self doen. Ook as dit by ons verlossing kom, is die mens geneig om te dink dat hy homself kan red. Ek moet net goed genoeg wees en goed genoeg leef, dan verdien ek dat God my sal red, dink baie.

Om waarlik in gemeenskap met God te leef, is dit nodig dat ons regverdig gemaak sal word. Om regverdig gemaak te word, beteken dat jou sonde en sondeskuld weggeneem word, sodat jy skoon gewas voor die heilige God kan verskyn.

Nou is daar twee moontlikhede. Die eerste is om self jou sonde uit te kanselleer met ’n volmaakte lewe, om jou verlossing self te verdien, maar die Woord sê dit is onmoontlik: “... want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie” (Gal. 2:16). Ons is immers dood in ons sonde en kan ons nie self lewend maak in die geloof nie.

Die tweede moontlikheid, wat die Woord self verkondig, is dat ons deur Jesus Christus regverdig gemaak word. Dit beteken dat God die Vader ons regverdig verklaar omdat ons deur die soendood van Jesus Christus aan die kruis geregverdig is toe Hy ten volle vir ons sondeskuld betaal het: “Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek (regverdig gemaak) is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie ...” (Gal. 2:16).

Christus alleen kan ons regverdig maak met sy kruis en opstanding – en ons word, sonder dat ons dit verdien, alleen uit genade geregverdig as ons in Hom glo. Deur Christus alleen, uit genade alleen, deur geloof alleen!

*Sing: Skrifberyming 10 (5-4):1, 2*

*Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)*